

# Die debat oor die posisie van Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch: 'n Ontleding

*The debate about the position of Afrikaans at the University of Stellenbosch: An analysis*

## LEOPOLD SCHOLTZ

Buitengewone professor, Departement Geskiedenis,  
Universiteit Stellenbosch



Ingrid Scholtz

Leopold Scholtz

## INGRID SCHOLTZ

Vryskut-dosent aan die Departement Joernalistiek,  
Universiteit Stellenbosch

<p><b>LEOPOLD SCHOLTZ</b> is in 1948 in Johannesburg gebore en het aan die Universiteit van Stellenbosch, die ou Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van Leiden gestudeer, waar hy in 1978 die doktorsgraad in geskiedenis behaal het. Ná twee en 'n halfjaar as dosent aan die RAU het hy hom in die joernalistiek begeef. Hy was tot einde 2007 adjunkredakteur van Die Burger, waarna hy as Media24 se korrespondent in Brussel aangestel is. Hierdie artikel is gebaseer op die D.F. Malherbe-Gedenklesing wat Leopold Scholtz in Mei 2007 aan die Vrystaatse Universiteit gelewer het.</p>	<p><b>LEOPOLD SCHOLTZ</b> was born in Johannesburg in 1948. He was educated at the University of Stellenbosch, the former Rand Afrikaans University (currently the University of Johannesburg) and the University of Leiden, the Netherlands, where he obtained a doctorate in history. After two and a half years as lecturer at RAU, he switched to journalism; he was deputy-editor of Die Burger before being appointed a Media24 correspondent in Brussels. The present article is based on the D F Malherbe memorial lecture conducted by Leopold Scholtz, in May 2007, at the University of the Free State.</p>
<p><b>INGRID SCHOLTZ</b> is in 1946 in Den Haag gebore en het aan die Universiteit van Leiden gestudeer, waar sy in 1974 die graad doctorandus historiae behaal het. Sy was tussen 1981 en 1996 dosent in die geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland, redakteur van Wêreldbürger, 'n internasionale bylae van Die Burger (1996-'98), en dosent in die joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch tot einde 2007. Sy is tans Europese verteenwoordiger van Solidariteit, die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans en die Afrikaanse Taalraad.</p>	<p><b>INGRID SCHOLTZ</b> was born in 1946 in The Hague, the Netherlands. She was educated at the University of Leiden, where she obtained the degree of doctorandus historiae in 1974. From 1981 to 1996 she was lecturer in history at the University of the Western Cape, then editor of Wêreldbürger, an international supplement to Die Burger (1996-'98) and lecturer of journalism at the University of Stellenbosch until the end of 2007. Currently she is the European representative of Solidariteit, the Foundation for Empowerment through Afrikaans (SBA: Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans) and the Afrikaans Language Board (Afrikaanse Taalraad).</p>

**ABSTRACT**

*The debate about the position of Afrikaans at the University of Stellenbosch: An analysis*  
*The debate about the place of Afrikaans and English as mediums of instruction at the University of Stellenbosch has been generating more heat than light since its beginning in 2002. In this paper, an attempt is made to analyse the debate and to establish where and why the protagonists differ. For reasons of brevity, three representatives of both sides – those who fight for Afrikaans as the sole pre-graduate medium of instruction and those who are in favour of bilingual instruction in Afrikaans and English respectively – are compared. They are, on the one hand, Professors Hermann Giliomee and Pieter Kapp (both retired historians) and Mr Christo van der Rheede (CEO of the Foundation for Empowerment through Afrikaans), and on the other Professors Chris Brink and Fanie Cloete (Rector at the time of the debate and political scientist respectively), as well as Dr Edwin Hertzog (Chairman of the University Council). The first group maintains on the strength of research in South Africa and elsewhere in the world that double medium necessarily leads to the demise of the weaker language, in this case Afrikaans; that the University in fact does not even practise the minimum conditions for bilingualism in the class room; that the bilingual project is ideologically driven; and that it neglects the interests of the poor (Coloured) Afrikaans speaking students. The second group is of the opinion that a university's task is not to protect a language, but to foster academic excellence; that unilingual Afrikaans instruction places the university on a slippery slope towards parochialism and isolation; that a multicultural approach is better than cultural apartheid; and that the move towards English is necessary for racial transformation, given South Africa's apartheid past. The arguments are then weighed, and it is found that while the "unilingualists" base their arguments in the main on academic and pedagogic grounds, the "multiculturalists" approach is largely ideological. The two sides therefore reason on different levels, which also explains why almost no middle ground could be reached during the debate. It is also established that the bilingual approach at Stellenbosch is practised in such a way that the end product is, more likely than not, a unilingual English situation. It appears that the "unilingualists" are academically on more solid ground than the "multiculturalists".*

**KEY CONCEPTS:** Language policy, Afrikaans, University of Stellenbosch.

**TREFWOORDE:** Taalbeleid, Afrikaans, Universiteit van Stellenbosch.

**OPSOMMING**

Die debat oor die plek van Afrikaans en Engels as onderrigmedium aan die Universiteit Stellenbosch het sedert sy begin in 2002 nie baie duidelikheid verskaf nie. In dié artikel word 'n poging aangewend om die debat te analiseer en vas te stel waar en waarom die opponente verskil. Om dinge kort te hou is drie verteenwoordigers van albei kante – die sogenaamde A-opsioniste en die T-opsioniste – vergelyk. Die eerste groep meen dat dubbelmedium noodwendig lei tot die verdwyning van die swakker taal, in dié geval Afrikaans; dat die Universiteit in werklikheid nie eens die minimum voorwaardes vir die T-opsie nakom nie; dat die dubbelmediumprojek ideologies gedrewe is; en dat dit die belange van die arm gekleurde Afrikaanssprekende studente verwaarloos. Die T-opsioniste is van mening dat 'n universiteit se taak nie is om 'n taal te beskerm nie, maar om akademiese uitnemendheid te bevorder; dat eentalige Afrikaanse onderrig die Universiteit op die glybaan na parogialisme en isolasie plaas; dat 'n multikulturele benadering beter is as kulturele apartheid; en dat die beweging na Engels noodsaaklik is vir transformasie. Die argumente word dan geweeg, en die slotsom is dat waar die A-opsioniste hul argumente hoofsaaklik op akademiese en pedagogiese

gronde baseer, die T-opsioniste se benadering veral ideologies is. Daar word ook bevind dat die T-opsie op Stellenbosch sodanig toegepas word dat die eindproduk waarskynlik eerder 'n eentalige Engelse Stellenbosch is.

## 1. INLEIDING

Op 12 Oktober 1906 het D.F. Malherbe, toe pas terug van sy doktorsale studie in Duitsland, 'n voorlesing op Wellington gehou wat vir die onderwerp van dié Gedenklezing uiters relevant is. Is Afrikaans 'n dialek? het hy gevra. Hy het daarop gewys dat dialekte in Europa hoofsaaklik deur die “onopgevoede klasse” gepraat word, terwyl die opgevoedes die algemene skryftaal besig. “En wie praat dan Afrikaans hier?” het hy voortgegaan. “Net die laere onopgevoede stand? Dit is onnodig om die vraag te beantwoord! Van die hoogste tot die laagste man!”<sup>1</sup>

Kom ons veronderstel dat 'n verre afstammeling van Malherbe oor 'n eeu weer 'n voorlesing hou en vra: Is Afrikaans 'n dialek? As sy voorsaat se maatstaf steeds enigsins bruikbaar is, bestaan die kans dat sy antwoord – in teenstelling met dié van D.F. – “ja” kan wees. Die moontlikheid bestaan inderdaad dat Afrikaans oor 'n eeu sy hoë funksies kan verloor het, en dat dit dan slegs deur die “onopgevoede klasse” gepraat word. Indien die Malherbe-afstammeling die redes vir dié toedrag van sake ondersoek, sou hy heel moontlik tot die gevolgtrekking kom dat die agteruitgang van Afrikaans as wetenskaps- en onderrigtaal 'n behoorlike bydrae daartoe gelewer het.<sup>2</sup>

Die laaste jare het verskeie intense debatte onder Afrikaners gewoed. Dit het in 2000 begin met die sogenaamde Boetmandebat,<sup>3</sup> en dit is opgevolg met die debat oor die omstrede postume verlening van 'n eredoktorsgraad in die regte aan Bram Fischer<sup>4</sup> en dié oor die vraag of die omstrede skrywer en aktivis Dan Roodt aan die Woordfees op Stellenbosch mag deelneem. Waar die Boetmandebat maande lank geduur het, maar ongerig en 'n koerslose borsskoonmaak was, is die Fischerdebat (waaraan talle akademiëers deelgeneem het) op 'n lae akademiese peil gevoer en het dit tot só 'n persoonlike vlak gedaal dat dit diep wonde geslaan het. Die Roodtdebat was genadiglik betreklik vinnig verby, maar het ook die gebrek aan 'n hoogstaande debatskultuur onder Afrikaners blootgelê.

Die belangrikste en mees uitgerekte debat was egter dié oor die posisie van Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch. Kort en ooreenvoelig het die debat Afrikaners en verwante rolspelers in twee kampe verdeel wat bekend geword het as die A-opsioniste (diegene wat Stellenbosch voorgraads hoofsaaklik Afrikaans wou hou) en die T-opsioniste (dié wat dubbelmediumonderrig op alle vlakke voorgestaan het). Die debat het al in 2002 begin en duur met tussenposes steeds voort. Die doel van dié analise is om die argumente aan albei kante te rekonstrueer en te ontleed en dan tot 'n algemene gevolgtrekking te geraak.

Die debat is natuurlik veel wyer gevoer as Stellenbosch. Ook akademiëers van elders in die land en die algemene publiek het deelgeneem. 'n Ongelooflike hoeveelheid woorde is in die proses gegeneer. Minstens twee boeke het oor die saak verskyn,<sup>5</sup> saam met 'n duisternis koerant-,

<sup>1</sup> G.D. Scholtz: *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, V (Johannesburg, Perskor, 1978), p. 408.

<sup>2</sup> Vgl. hieroor Leopold Scholtz: “Die belang van Afrikaanse onderwys vir die oorlewing van die taal” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 46/4, Desember 2006, pp. 470-481).

<sup>3</sup> Vgl. Chris Louw: *Boetman en die Swanesang van die Verligtes* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001).

<sup>4</sup> Vgl. Leopold en Ingrid Scholtz: “Die debat oor die verering van Bram Fischer” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 46/1, Maart 2006, pp. 112-123).

<sup>5</sup> Vgl. Chris Brink: *No lesser Place. The taaldebate at Stellenbosch* (Stellenbosch, Sun Press, 2006); en Hermann Giliomee en Lawrence Schlemmer: *'n Vaste Plek vir Afrikaans. Taaluitdagings op kampus* (Stellenbosch, Sun Press, 2006).

tydskrif- en internetartikels. Vir die doeleindes van 'n betreklike kort analise soos dié is dit egter nodig om die streep êrens te trek. Hier sal dus slegs gelet word op die deelname van drie verteenwoordigende deelnemers aan albei kante, ofskoon die bydraes van ander, waar nodig, nie buite rekening gelaat word nie.<sup>6</sup> Aan die kant van die sogenaamde T-opsioniste let ons op proff. Chris Brink, US-rektor tot einde 2006, en Fanie Cloete van die Skool vir Openbare Bestuur en Beplanning in Bellville, asook dr. Edwin Hertzog, voorsitter van die US-raad. Die A-opsioniste is proff. Hermann Giliomee, buitengewone hoogleraar in geskiedenis, en Pieter Kapp, president van die US-konvokasie, asook mnr. Christo van der Rheede, uitvoerende beampte van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans.

## 2. DIE HISTORIESE VERLOOP VAN DIE DEBAT

Stellenbosch was tradisioneel baie taalvriendelik. Ofskoon lesings – sowel voor- as nagraads – in Afrikaans aangebied is, is ruimte gelaat vir studente wat hul take of eksamens in Engels wou skryf en wat vrae op Engels wou stel. In die jare negentig het die aandrag dat Engels in die klassituasie gebruik word, egter sterk begin toeneem, hoofsaaklik deur die toenemende getal blanke Engelssprekendes wat op Stellenbosch gaan studeer het. Baie dosente het daaraan toegegee, maar dit het informeel en *ad hoc* geskied.

Toe prof. Chris Brink begin 2002 as rektor van die US oorneem, het hy 'n taamlik verwarrende situasie aangetref. In sy finale onderhoud as rektorskandidaat voor die US-Raad het hy uiters positief oor Afrikaans se toekoms op Stellenbosch gepraat: “Ek sien US as sentraal binne 'n 'Afrikaanse renaissance’,” het hy gesê. Hy het daaraan toegevoeg dat dit realisties is om te verwag dat daar minstens een, en waarskynlik twee universiteite kan wees wat Afrikaans as “eerste onderrigtaal” kan gebruik, waarvan Stellenbosch een moet wees. “Ontspan – dis nie 'n probleem nie,” was sy antwoord op 'n vraag oor hoe hy die toekoms van Afrikaans op Stellenbosch sien, “dis 'n situasie wat reg bestuur moet word. Afrikaans sal nie in gevaar wees op Stellenbosch as dit reg bestuur word nie.”<sup>7</sup> In 'n onderhoud met die studentekoerant *Die Matie* het hy ook gesê dat taal en transformasie “nie in konflik met mekaar beskou moet word nie”. Die US moet 'n “eerste keuse vir alle Afrikaanssprekendes wees, onder wie tweede- en derdetaalsprekers”.<sup>8</sup>

In sy eerste wyd verspreide standpuntinname ná sy oornamme het hy aangedui dat hy, gesien die verwarrende situasie wat hy aangetref het, eers deur middel van 'n taaloudit wou laat vasstel of Stellenbosch nog wel Afrikaans is. Die US, het hy geskryf, kan sentraal wees in die uitbouing van Afrikaans. “Maar dan moet ons nugter dink. Ons taak is nie in die eerste plek om reëls en regulasies te maak vir die ‘beskerming’ van Afrikaans nie. Ons taak is om 'n atmosfeer te skep waarin kreatiwiteit en deelname kan floreer. Ons moet ons só gedra dat mense hulle graag by ons wil aansluit, dat hulle tuis voel, dat ons gemaklik kommunikeer.”<sup>9</sup>

Die taaloudit het toe inderdaad bevind dat die US in die praktyk nie meer 'n Afrikaanse universiteit genoem kan word nie. Voorgraadse lesingonderrig in Afrikaans enkelmedium het byvoorbeeld van 96,8% in 2000 tot 65,7% in 2002 verminder. Afrikaans is ook net 31,7% van die tyd

<sup>6</sup> Leopold Scholtz moet hier 'n persoonlike belang openbaar. As joernalis en politieke kommentator was hy, veral deur sy weeklikse rubriek, *Sake van die Dag*, uitvoerig deel van die debat. Hy het die A-opsie gesteun. Dit maak objektiwiteit in dié analise uiteraard moeiliker.

<sup>7</sup> Chris Brink: “Ons weg deur die nuwe wêreld – 'n Taalvisie vir die Universiteit van Stellenbosch”, 18.5.2001, in ons besit.

<sup>8</sup> Adriaan Basson en Cornelius Scholtz: “Rektor Brink deel dadelik nuwe denke” (*Die Matie*, 23.5.2001).

<sup>9</sup> Chris Brink: “US-rektor stel taalvisie” (*Die Burger*, 11.6.2002).

as onderrigtaal op nagraadse vlak gebruik. Daarby was sowat 73% van die voorgraadse klasaantekeninge in sowel Engels as Afrikaans beskikbaar.<sup>10</sup>

Na aanleiding hiervan het die universiteit 'n taalplan en -beleid opgestel te midde van 'n groeiende storm onder bekommerde alumni en briëfskrywers, veral in *Die Burger*. Die taalplan en -beleid het bepaal dat Afrikaans “by verstek” of “outomaties” (met ander woorde, tensy uitdruklik anders bepaal) die onderrigtaal van die universiteit sou wees. Dit was die sogenaamde A-opsie. Daar was ook 'n T-opsie, waar die dosent “minstens” 50% Afrikaans in die klas moes gebruik, en tot 50% Engels. Dié opsie kon slegs ná “deeglike motivering” van 'n departement of fakulteit ingestel word. 'n Taalkomitee sou daarvoor besluit met inagneming van sekere streng vereistes. Vir eerstejaars was daar die moontlikheid van dubbelmediumonderrig in sekere fakulteite om Engelssprekende studente die geleentheid te gee om Afrikaans baas te raak.<sup>11</sup> Die beleid is bekend gemaak kort voor 'n konvokasievergadering op 14 November 2002, wat deur 'n rekordgetal alumni bygewoon is.

'n Groep bekende Afrikaanssprekendes, te wete André P. Brink, Ampie Coetzee, Johan Degenaar, Jannie Gagiano, Hermann Giliomee, Lawrence Schlemmer, Richard van der Ross, Christo Viljoen en Ton Vosloo het dit aanvanklik onomwonde verwerp: “As hierdie plan deurgaen, sal die taaltaakspan in die geskiedenis bekend word as die Trojaanse perd wat Afrikaans aan die US tot 'n val gebring het.”<sup>12</sup>

Brink se toespraak voor die konvokasie was indrukwekkend. In 'n haas wiskundig-logiese uitwerking van die problematiek het hy onder meer die volgende punte gemaak:

- Stellenbosch “wil hoegenaamd nie op 'n ‘onwillekeurige glybaan’ van verengelsing wees nie”;
- Terselfdertyd wil “ons definitief nie Afrikaans gekoppel ... sien aan velkleur nie”;
- Afrikaans moet as “'n instrument van bemagtiging” gebruik word. Die syfers wys dat daar “beduidende aantalle swart en bruin studente is wat Afrikaans as eerste of tweede taal het wat as Afrikaansmagtiges kan voordeel trek uit onderrig in Afrikaans. Nog meer spesifiek: “dit blyk dat daar groot getalle *arm* studente is, wat ten beste in Afrikaans gehelp kan word. Ons wil graag die Universiteit wees wat aan sodanige studente hierdie geleentheid bied. Ons wil Afrikaans gebruik om studente sodanig voor te berei dat hulle hul plek in 'n globale gemeenskap kan volstaan.”
- Brink het daarop gewys dat kennis en uitnemendheid ook geld vir ander universiteite. Hy het voortgegaan: “Hoe differensieer jy jou eie universiteit van ander universiteite? Wel, 'n baie natuurlike manier waarop ons onself kan differensieer, is deur te sê ‘Ons is dié universiteit wat in Afrikaans klasgee’.”
- Die belangrikste ding wat die US *nie* moet doen nie, “is dat ons nie Afrikaans moet probeer beskerm deur dit af te sonder nie. Om dit nou maar sterk te stel, ons moenie taalapartheid pleeg nie. Enige aandrang daarop dat daar *net* in Afrikaans moet klasgegee word op Stellenbosch, is, glo ek, strategies sowel as opvoedkundig onwys. Dit is nodig dat ons die uitdaging aanvaar om Afrikaans naas Engels te bedryf – en dan nog langs Xhosa ook.”
- Hy het voorts daarop gewys dat apartheid 'n wantroue oor Afrikaans “onder baie van ons landgenote” teweeg gebring het. Die vertroue kan slegs herstel word deur meer bruin en swart studente te werf.

<sup>10</sup> Thinus Ferreira: “Kommer oor US-taaloudit” (*Die Burger*, 26.7.2002).

<sup>11</sup> Vgl. [www.sun.ac.za/university/Taal/taalbeleid2004.pdf](http://www.sun.ac.za/university/Taal/taalbeleid2004.pdf); [www.sun.ac.za/university/Taal/taalplanfinaal.pdf](http://www.sun.ac.za/university/Taal/taalplanfinaal.pdf).

<sup>12</sup> Kyk [www.oulitnet.co.za/taaldebat/oorleg.asp](http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/oorleg.asp), 12.10.2002.

- Een of twee Engelssprekendes in 'n klas van veertig kan geen vetoreg oor Afrikaans uitoefen nie.<sup>13</sup>
- In 'n uitlating wat nie in die later uitgereikte geskrewe toespraak voorkom nie, het hy ook gesê daar moet nie soseer 'n onderskeid getref word tussen Afrikaans op voorgraadse vlak en Engels nagraads nie; eerder tussen die Afrikaanse klasonderrigsituasie (voor- en nagraads) en die eventueel Engelse navorsingsituasie (hoofsaaklik nagraads).<sup>14</sup> In hierdie konstruksie sou honneursklasse in Afrikaans eerder as in Engels wees.

Die toespraak, aldus die waarneming van die rubriekskrywer “Dawie” van *Die Burger*, “het baie gedoen om sekerheid te verskaf en die gemoedere te laat bedaar”. Oor Brink se stelling rakende die onderskeid tussen Afrikaanse onderrig en Engelse navorsing was “Dawie” se kommentaar: “Meer as enigiets anders het dit die aanwesiges eergisteraand beïndruk.”<sup>15</sup>

Hierna het die gemoedere inderdaad 'n tyd lank bedaar. Toe die taalbeleid eenmaal in werking was, het die voorsitter van die Taalkomitee, prof. Anton van Niekerk, bekend gemaak dat die A-opsie sou geld in 'n volle 70% (960) van die 1 391 modules waarvan die taalspesifikasies bepaal was, en die T-opsie slegs in 24% (335).<sup>16</sup>

Sonder dat dit na buite bekend gemaak is, is egter in 2004 besluit om die T-opsie na die tweedejaars ook uit te brei. In September 2005 het dit wel uitgelek dat die Fakulteitsraad van Lettere en Wysbegeerte reeds in die voorafgaande Mei besluit het om die T-opsie ook op die derdejaars van toepassing te maak. 'n Ontploffing het gevolg. Die briewekolomme van *Die Burger* is volgepak met waarskynlik die mees langdurige en uitgebreide briewedebat in die koerant se bestaan. Só baie briewe is ontvang dat slegs 'n klein minderheid gepubliseer kon word. Die brieweredaksie het spesiale moeite gedoen om 'n verteenwoordigende seleksie van die standpunte te plaas, maar 'n oorweldigende meerderheid van die briefskrywers was teen die T-opsie gekant.<sup>17</sup>

Die saak is in die openbaarheid geruk deur 'n lesersbrief van Hermann Giliomee, Breyten Breytenbach en Frederik van Zyl Slabbert om beswaar teen die besluit te maak. Hulle het geskryf die besluit is “in skerp kontras met versekerings wat die laaste jare gegee is”.<sup>18</sup> Daarna het 'n “dringende versoek” aan die US-Raad gekom van altesame 143 Afrikaanse skrywers om die besluit om te keer. Enkele van die bekendste name was Hennie Aucamp, Chris Barnard, Breyten Breytenbach, André P. Brink, Wannie Carstens, T.T. Cloete, Ampie Coetzee, Lochner de Kock, Johann de Lange, Izak de Villiers, Abraham de Vries, E.K.M. Dido, Hans du Plessis, Heilna du Plooy, Louis Esterhuizen, Corlia Fourie, Pieter Fourie, Charles Fryer, Anton Goosen, P.J. Haasbroek, Bonaventure Hinwood, Elsa Joubert, John Kannemeyer, George Kellerman, Kleinboer, Leonard Koza, Helena Liebenberg, Peter Louw, Maretha Maartens, Petrovna Metelerkamp, John Miles, Fanie Olivier, Hans Pienaar, Dan Roodt, Leon Rousseau, Riana Scheepers, Lina Spies, Jaap Steyn, Barend Toerien, Hennie van Coller, Marita van der Vyver, Danie van Niekerk, Leon van Nierop, Cas van Rensburg, F.I.J. van Rensburg, Dine van Zyl, Wium van Zyl, Eben Venter, M.M. Walters, en George Weideman.<sup>19</sup> Dis opgevolg deur 'n brief van die skrywers André P. Brink, Tom Dreyer en

<sup>13</sup> Toespraak van die US-webwerf verwyder. Die toespraak is egter in ons besit.

<sup>14</sup> Vgl. “Dawie”: “Pragtige oorwinning vir Afrikaans en sy mense” (*Die Burger*, 16.11.2002).

<sup>15</sup> Ibid.

<sup>16</sup> Carel van Dyk: “Meeste US-modules sal in Afrikaans wees” (*Die Burger*, 1.8.2003).

<sup>17</sup> Eie waarneming as adjunkredakteur van *Die Burger*.

<sup>18</sup> Hermann Giliomee, Breyten Breytenbach en Van Zyl Slabbert: “Afrikaans nou op glybaan by US” (*Die Burger*, 22.9.2005).

<sup>19</sup> “Skrywersversoek aan die US” (by [www.oulitnet.co.za/taaldebat/skrywersversoek.asp](http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/skrywersversoek.asp)).

Etienne van Heerden, wat eweneens geprotesteer het.<sup>20</sup> Ook die besturende direkteur van Naspers, Koos Bekker, het in sy hoedanigheid as US-Raadslid geprotesteer.<sup>21</sup> 'n Petisie met die name van 3 500 dosente en studente is aan die kantoor van die Rektor oorhandig om hul afkeuring van die besluit uit te spreek.<sup>22</sup>

Op 'n konvokasievergadering, bygewoon deur 1 500 mense, is 'n mosie van ontsteltenis oor die toenemende verengelsing van die US aanvaar. Die mosie is voorgestel deur Hermann Giliomee en gesekondeer deur Richard van der Ross.<sup>23</sup> Desondanks is die besluit uiteindelik deur sowel die Senaat as die Raad goedgekeur.

Die volgende stap was die verkiesing van vier Raadslede, drie deur die Konvokasie en een deur die borge van die universiteit. Die verkiesing is gevoer suiwer op grondslag van die vraag of die kandidate die T-opsie dan wel die A-opsie gesteun het, en het op 'n vernietigende nederlaag vir die T-opsioniste uitgeloop, wat slegs sowat 25% van die stemme gekry het.<sup>24</sup> Een van die verslane kandidate, dr. Gerrit van Niekerk, is egter feitlik onmiddellik deur die Minister van Onderwys, me. Naledi Pandor, as Raadslid benoem.<sup>25</sup>

Met die duidelike steun van die Konvokasie het die vier nuwe A-opsioniste in die Raad – proff. Hermann Giliomee, Christo Viljoen en Lina Spies, asook die oud-Parlements lid mnr. Jacko Maree – in die Raad teen die verdere verengelsing van die US begin stry. Begin 2006 het die Rektor in 'n omsendskrywe laat weet dat die hersiening van die taalbeleid waartoe einde 2002 ooreengekom is, in dié jaar moes geskied. In opdrag het die Taalkomitee 'n konseptuele raamwerk vir 'n nuwe taalplan en -beleid opgestel wat die uitgebreide gebruik van die T-opsie gesanksioneer het. In 'n skielike en taamluk dramatiese wending het die Rektor toe vir Hermann Giliomee gevra om namens die Konvokasie 'n alternatiewe konseptuele raamwerk aan die Taalkomitee voor te lê. Pieter Kapp, President van die Konvokasie, wat toe uitstedig was, het later ingestem. Hieruit het die sogenaamde Vlottenburg-groep voortgevloei, bestaande uit proff. Giliomee, Jaap Durand, Jakes Gerwel, Johann de Villiers en Arnold Schoonwinkel, en drr. Lawrence Schlemmer, Neville Alexander en Frederik van Zyl Slabbert.<sup>26</sup>

Nie lank daarna nie is bekend gemaak dat Brink as US-Rektor bedank het en na die Universiteit van Newcastle in Brittanje sou verskuif om dáár Rektor te word.<sup>27</sup> Prof. Russel Botman het hom opgevolg. Botman is reeds begin 2006 as spesifieke taalwoordvoerder van die universiteit aangestel, maar kon regdeur die jaar nie na buite daarin slaag om 'n duidelike standpunt in te neem nie.<sup>28</sup> Nietemin is besluit om die taaldebate vir eers stop te sit sodat die amptelike Taaltaakspan en die Vlottenburg-groep hul standpunte in alle rustigheid kon voorberei.

<sup>20</sup> Michele O'Connor: "Brink, Van Heerden en Dreyer klim ook in kryt oor taalbeleid" (*Die Burger*, 14.10.2005).

<sup>21</sup> Vgl. Koos Bekker: "Keira, wat's jou ringtone?" (*Die Burger*, 26.10.2005).

<sup>22</sup> Michelé O'Connor: "US-personeel en -studente teken petisie oor taal" (*Die Burger*, 18.10.2005).

<sup>23</sup> "US-konvokasie maak stem dik" (*Die Burger*, 12.11.2005).

<sup>24</sup> Marlene Malan: "Taalbulle plant yslike uitklophou" (*Rapport*, 26.3.2006).

<sup>25</sup> Jan-Jan Joubert: "Pandor stel US-raadslid weer aan" (*Die Burger*, 28.4.2006).

<sup>26</sup> Mededeling van prof. Hermann Giliomee, 3.2.2007.

<sup>27</sup> Zelda Jongbloed: "Brink verlore vir US" (*Die Burger*, 10.7.2006).

<sup>28</sup> 'n Goeie voorbeeld hiervan was 'n lang onderhoud met *Rapport* waarin die verslaggewer hom hot en haar gejaag het om 'n duidelike standpunt uit hom te kry, maar tevergeefs. Kyk Hanlie Retief: "Engels sit in sy kop, Afrikaans is in sy hart" (*Rapport*, 12.5.2006).

### 3. DIE ARGUMENTE VAN DIE A-OPSIONISTE

Laat ons nou die argumente van die twee kante een vir een identifiseer en analiseer. Eers kom die sogenaamde A-opsioniste aan die beurt.

#### 3.1 Die T-opsie lei tot Engels-eentaligheid

Die kern van die A-opsioniste se argumente is dat die dubbelmediumonderrig inherent aan die T-opsie slegs 'n halfwegstasie onderweg na Engels-eentaligheid is. Dit beteken dat Stellenbosch binne afsienbare tyd slegs of feitlik slegs in Engels sal doseer, wat op sy beurt 'n gevoelige slag – dalk die nekslag – vir Afrikaans se hoër uitdrukkingsvorms kan wees.

Aan die hart van dié oortuiging lê die waarneming van die Frans-Kanadese taalsosioloog Jean Laponce in sy vergelykende studie van Kanada, België, die Sowjetunie en ander Oos-Europese lande dat

... a bilingual school and university system generally has only the appearance of equality. Even when it is balanced at the level of courses it is in fact unbalanced in favour of the dominant language, which dominates the environment outside the school. Bilingualism in education is thus generally a bilingualism of transition, which in the long run facilitates linguistic assimilation.<sup>29</sup>

Voortbouende hierop skryf Giliomee en Schlemmer dat dubbelmedium-onderrig in teorie nie tot die ondergang van Afrikaans hoef te lei nie. “Die groot gevaar ontstaan waar 'n skool of universiteit nie meer verwag dat dosente of studente vaardig in Afrikaans moet wees nie, en hulle toelaat om voort te gaan om in Engels te funksioneer. Die ervaring is dat dubbelmedium faal as dit dien as 'n noodmaatreël om skoliere of studente by te staan wat nie vaardig is in die voertaal wat eens die enigste of dominante een was nie.” Hulle verwys na “internasionale getuienis” wat daarop dui dat “kleiner tale in die praktyk nie in die ‘vryemark’-model teen 'n dominante taal staande kan bly nie” en voeg daaraan toe dat lande soos België en Kanada dus “elkeen 'n omvattende en voorskriftelike regulatoriese raamwerk [het] om Vlaams en Frans onderskeidelik in skole en universiteite te beskerm”.<sup>30</sup>

Giliomee en Schlemmer ontleed ook die gevolge van dubbelmedium- en parallelmediumonderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite vir Afrikaans. Aan die Universiteit van Pretoria, so haal hulle die linguis prof. Vic Webb aan, het Afrikaans daar binne 17 jaar agteruitgegaan “van 'n posisie waar dit die voorgeskrewe en enigste voertaal was tot een waar dit net geduld word”. Daar was 'n “enorme ommekeer” in die taal van onderrig – “van slegs of hoofsaaklik Afrikaans tot grootliks Engels”.<sup>31</sup> Op die kampusse van die eens tweetalige Universiteit van Wes-Kaapland en Universiteit van Port Elizabeth (laasgenoemde is nou die Nelson Mandela- Metropolitaanse Universiteit) word nou slegs in Engels gedoseer.<sup>32</sup> Ook aan die gewese Randse Afrikaanse Universiteit (nou die Universiteit van Johannesburg), wat in die jare negentig van eentalig Afrikaans na parallelmedium oorgeskakel het, is Afrikaans sterk aan die kwyn, hoofsaaklik omdat die persentasie Afrikaanstalige studente skerp afgeneem het.<sup>33</sup>

<sup>29</sup> Jean Laponce: *Languages and their Territories* (Toronto, University of Toronto, 1987), p. 170.

<sup>30</sup> Giliomee en Schlemmer: *'n Vaste Plek vir Afrikaans*, p. 69.

<sup>31</sup> Ibid., pp. 95-97.

<sup>32</sup> Ibid., pp. 147-151.

<sup>33</sup> Ibid., pp. 87-93.



Die enigste twee universiteite waar Afrikaans dus nog 'n gewaarborgde plek het, is die Universiteit van die Vrystaat (parallelmedium) en die Potchefstroomse kampus van die Noordwes-Universiteit (eentalig Afrikaans met fluistertolkdienste in sekere kursusse).<sup>34</sup>

Op Stellenbosch het Giliomee en nog 'n prominente A-opsionis, prof. Christo Viljoen, bereken dat “[d]ie A-opsie, as verstek- of outomatiese opsie, se aanbod ... van 2005 tot 2006 van 50,74% tot 40,63% afgeneem [het] – 'n daling van 20%”.<sup>35</sup>

Pieter Kapp het voorts by verskeie geleenthede gemotiveer waarom hy meen Afrikaans gaan die kreeftegang aan die US. Hy het byvoorbeeld geskryf: “Die Jaarboek van 2006 bepaal byvoorbeeld dat waar daar in enige vergadering persone aanwesig is wat nie Afrikaans magtig is nie en daar nie vertaaldienste beskikbaar is nie, Engels as die medium van die vergadering gebruik moet word.” Dit in teenstelling met vroeër, toe Afrikaans as die enigste interne kommunikasietaal beskryf is.<sup>36</sup>

### 3.2 Die T-opsie word nie regtig toegepas nie

Die volgende punt – dat daar in die praktyk nie eens aan die vereistes van die T-opsie voldoen word nie – vloei logieserwys uit die eerste voort.

Volgens die Taalplan van 2002 word die T-opsie onder meer gebruik “in bepaalde leer- en onderrigkontekste waar die teikengroep studente oor 'n toepaslike vlak van taalvaardigheid in Afrikaans en Engels beskik”. Onder die hofie “Belangrike opmerking” staan die volgende: “Studente wat 'n A-module of 'n T-module volg, benodig in die algemeen 'n akademiese taalvaardigheid in sowel Afrikaans as Engels vir effektiewe studie op voorgraadse vlak.”<sup>37</sup>

Die universiteit het op grond hiervan 'n gedragskode vir dosente en studente opgestel. Rakende studente word eenvoudig herhaal wat in die Taalplan staan. Dosente se taalverpligtinge word só omskryf: “Ten opsigte van dosente, veral wat betref hulle verpligtinge om werkopdragte, toetse en vraestelle in Engels en Afrikaans op te stel en te assesser, word daar verwag dat hulle binne 'n redelike tydperk vanaf hulle aanstelling, genoeg reseptiewe vaardighede (luister en lees) in Afrikaans en Engels sal ontwikkel om klasbesprekings te volg, opdragte en eksamenvrae in albei tale op te stel en die antwoorde van studente in albei tale te verstaan. Dit moet hulle ook in staat stel om oor die ekwivalensie van vertalings te oordeel en antwoorde in Afrikaans en Engels regverdig te beoordeel.”<sup>38</sup>

Die probleem, sê die A-opsioniste, is dat dié vereistes in die praktyk nie nagekom word nie. Volgens Giliomee en Schlemmer was agt van die 24 nuwe aanstellings in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte in 2004 nie in staat om in Afrikaans klas te gee nie, en het dit nie gelyk of hulle sou leer om dit te doen nie. Trouens, oor die voorafgaande dekade het 72 dosente hulle vir die taalvaardigheidskursus van die Taalsentrum aangemeld, maar slegs één het tot op die vlak gevorder waar hy/sy op Afrikaans in die klas kon funksioneer. In 2005 het slegs 24 nie-Afrikaanssprekende studente die kursus *Afrikaanse Taalverwerwing* gevolg ten einde in staat te wees om T-opsie-modules te volg wat volgens die universiteit se vereistes gedoseer is.<sup>39</sup>

<sup>34</sup> Ibid., pp.77-87.

<sup>35</sup> Christo Viljoen en Hermann Giliomee: “Sal aanhou wys op risiko's by US” (*Die Burger*, 15.6.2006).

<sup>36</sup> Pieter Kapp: Boekbespreking van Chris Brink se *No Lesser Place* (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46/2, Junie 2006, p. 258).

<sup>37</sup> *Taalplan van die Universiteit Stellenbosch*, pp. 3 en 5, by [www.sun.ac.za/university/Taal/taalbeleid2004.pdf](http://www.sun.ac.za/university/Taal/taalbeleid2004.pdf).

<sup>38</sup> US: “Gedragskode vir taal in die klaskamer” ([www.sun.ac.za/university/Taal/gedragskode.doc](http://www.sun.ac.za/university/Taal/gedragskode.doc)).

<sup>39</sup> Giliomee en Schlemmer: *'n Vaste plek vir Afrikaans*, pp. 134-136.

Dié feit is volgens Giliomee en Schlemmer die regstreekse gevolg daarvan dat die betrokkenes in die praktyk nie verplig word om die taal aan te leer nie. Dit wat dus aanvanklik deur die Taalplan as *oorgangstadium* gesien is om nie-Afrikaanssprekendes die kans te gee om die taal aan te leer – dubbelmedium in die eerste jaar (en later ook die tweede) – het misluk, aldus die A-opsioniste. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat die “oorgangstadium” die *norm* geword het. Waar Afrikaans oorspronklik die “verstekopsie” was, het Engels in sekere fakulteite – (naas Lettere en Wysbegeerte geld die T-opsie nou ook in Gesondheidswetenskappe en Teologie) daardie plek ingeneem.<sup>40</sup>

In ’n beskouing van die verskille tussen die A- en T-opsioniste het Pieter Kapp gevra: “Wat word van die T-opsie in die praktyk as ’n belangrike komponent van die studente en personeel geen of weinig Afrikaans ken en dus geensins reg kan laat geskied aan die gelykheid van tale nie en nie deur reëls verplig kan word om daaraan te voldoen nie?”<sup>41</sup>

En: “As studente uit dubbelmediumskole ... in ’n A-opsie ... gereeld hul hand opsteek en aan die dosent vra “Would you please repeat that in English?”, spreek dit vanself dat die beleid of die gedragskode nie deur almal met dieselfde erns bejeën word nie ... As personeel aangestel word wat nie in staat is om in Afrikaans onderrig te gee of dit nie wil doen nie en selfs probleme het om studente se skriftelike werk in Afrikaans te beoordeel, dan werk die stelsel mos nie.”<sup>42</sup>

In werklikheid, meen Giliomee, meng die owerheid wel in – en wel ten gunste van Engels. “Enige dosent wat in ’n dubbelmediumklas 75% of 80% Afrikaans gebruik, kry gou ’n kwaaie aanmaning van die bestuur. Dosente wat dieselfde proporsie Engels of selfs 100% gebruik (soos byvoorbeeld in party modules in beeldende kunste aan die US), het tot dusver skotvry daarvan afgekóm, hoewel dit redelik algemene kennis is dat hulle dit doen.”<sup>43</sup>

### 3.3 Die T-opsie is ’n ideologies gedrewe projek

In ’n artikel in *Rapport* het dr. Frederik van Zyl Slabbert, wat die A-opsie krities steun, vertel hoe hy in 1986, midde-in die *struggle*, ’n lesing aan die Universiteit van Wes-Kaapland gegee het. So ’n derde in die lesing in staan ’n student op en sê: “We doesn’t want to be taught in de language of de oppressor.” Waarna Slabbert verder gaan op Engels.

“Ná die lesing kom dieselfde student met ’n afvaardiging en vra of ek nie die lesing in Afrikaans sal herhaal nie, want hulle verstaan niks van wat ek in Engels gesê het nie. Ek doen toe ondersoek en stel vas dat meer as twee derdes van die studente in die klas nie ’n woord Engels verstaan nie ... Dit het net nie pedagogiese sin gemaak om klas te gee in twee tale waar ’n beduidende getal studente geen begrip gehad het van wat gesê is nie.

En dit, kort en klaar, is hoekom ek teen die T-opsie gestem het, en sal dit weer doen as dit moet. Vir my is dit doodgewoon pedagogiese onsin ... Dit dien geen doel dat ons ideologiese dun lippe vir mekaar trek oor ‘beginselsake’ wat geen pedagogiese voordeel vir studente inhou nie ... Ek glo dat die ‘taaldebat by die US’ nou ’n ideologiese pap wiel moet kry. My standpunt oor die beskutting en versterking van Afrikaans as voertaal het niks te make met ’n behoefte om ‘die Boerevolk of Afrikaners te red nie’. Ek soek ook nie ’n ‘kulturele volkstaat’ nie.<sup>44</sup>

<sup>40</sup> Ibid., p. 121; Hermann Giliomee: “Afrikaans by Stellenbosch en ander histories Afrikaanse universiteite”, in Dirk Hertzog, Etienne Britz en Alastair Henderson: *Gesprek sonder Grense. Huldigingsbundel ter ere van Johan Degenaar se 80ste Verjaarsdag* (Pretoria, Protea, 2007), p. 141.

<sup>41</sup> Pieter Kapp: “Nadere beskouing van verskille”, in ons besit

<sup>42</sup> Pieter Kapp: “US ‘versaak sy eie visie’” (*Die Burger*, 10.10.2005).

<sup>43</sup> Hermann Giliomee: “Taalbestuur en taalklagtes onder loep” (*Die Burger*, 10.1.2006).

<sup>44</sup> Frederik van Zyl Slabbert: “Gee die ideologie ’n pap wiel ... en praat oor taalsake wat saak maak” (*Rapport*, 6.5.2006).

Eweneens het Kapp die A-opsioniste se standpunt in die openbare debat só verdedig: “Nêrens was daar enige sprake van ’n ‘Neo-Afrikaner-agenda’, van ’n taalstryd, of van ’n Afrikaner-universiteit nie – om nie eens te praat van laer trek, van ’n Afrikaner-enklawe of ’n volkstaat van die gees nie. Dit was praktiese, nugtere oorwegings wat die optrede bepaal het.” Hy bespreek dan die verloop van die taaldebate en sê dit “versterk die vermoede dat Stellenbosch minder met ’n taalstryd as met ’n taalspel te doen het”. Met verwysing na prof. Chris Brink se boek kom hy dan tot die gevolgtrekking: “Die T-opsie is ideologies eerder as nugter-prakties geïnspireer.”<sup>45</sup>

En elders sê hy “die pleitbesorgers vir Afrikaans moet as die ideologiese vyand van die huidige regering voorgestel word ten einde vir die skrywer (en die US?) punte by die gesagdraers aan te teken”.<sup>46</sup>

Giliomee en Schlemmer se oordeel oor die boek is dat Brink “min simpatie” het “vir die etniese strewes van die Afrikaners”. Meer as ’n dekade ná die beëindiging van apartheid “beskou hy nog steeds die apartheidsrekord van Afrikaners as gronde vir morele bevraagtekening van hul huidige optredes ... Ideologies is hier tekens van ’n tipiese globaal-ingestelde postmoderne kosmopoliet wat tradisie, groeppvorming en gewortelde strukture openlik bevraagteken.”<sup>47</sup>

Christo van der Rhee, uitvoerende hoof van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans, het dit ook gehad oor “politiek gedrewe transformasie [wat] daarop afgestem is om die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal op lang termyn te nullifiseer”.<sup>48</sup>

### 3.4 Die T-opsioniste het persoonlike belang by dié opsie

’n Argument wat ’n mens dikwels in persoonlike gesprekke by A-opsioniste hoor (en dit word deur sommige T-opsioniste toegegee), maar selde op skrif sien, is dat die T-opsie in die dosent-voorstanders se persoonlike belang is. In hul boek raak Giliomee en Schlemmer slegs in die verbygaan daaraan. Die keuse kan op die T-opsie val, skryf hulle, “omdat dit vir dosente meer vryetyd gee, en vir die produktiewes onder hulle meer navorsingstyd. Die aanbied van Engels kan ook help om meer studente te trek, wat dosenteposte kan beveilig.”<sup>49</sup>

### 3.5 Afrikaans en die bemagtiging van sy bruin sprekers

Die persoon wat in sy bydraes tot die taaldebate die kwessie van Afrikaans as bemagtigingsinstrument van sy bruin sprekers absoluut oorheers, is Christo van der Rhee, uitvoerende hoof van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans.<sup>50</sup> In ’n koerantartikel het hy sy fundamentele uitgangspunt só geformuleer: “’n Belangrike element van die herposisionering van Afrikaans is die klemverskuiwing van Afrikaans as instrument van onderdrukking na die potensiaal van Afrikaans as katalisator om die sosiale kapitaal te ontgin wat nodig is om Afrikaanssprekendes en ons volkgenote saam te bind en uit wanhoop en armoede te lig.”

<sup>45</sup> Pieter Kapp: Boekbespreking van Chris Brink se *No Lesser Place* (Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 46/2, Junie 2006, pp.257-258 en 260).

<sup>46</sup> Pieter Kapp: “Is taalversoening aan die US moontlik?” (in ons besit).

<sup>47</sup> Giliomee en Schlemmer: *’n Vaste Plek vir Afrikaans*, pp. 211-212.

<sup>48</sup> Christo van der Rhee: “Dié stemme word nie gehoor in taaldebate” (*Rapport*, 23.7.2006).

<sup>49</sup> Giliomee en Schlemmer: *’n Vaste Plek vir Afrikaans*, p. 73.

<sup>50</sup> Nog iemand is dr. Neville Alexander, direkteur van PRAESA, oftewel “Project for the Study of Alternative Education in South Africa”. Sy bydraes handel egter meer oor taalpolitiek in die algemeen, eerder as oor Afrikaans op Stellenbosch.

Op die Kaapse Vlakte en elders voer duisende Afrikaanssprekendes “’n oorlewingstryd waarvan baie min Maties iets weet”. Op Stellenbosch word Afrikaans gepraat vanaf “’n [p]latform van eikehout staangemaak in die koeltes van akkerbome”. Daarteenoor is daar “op suidoosterverwaaide sandvlaktes – ’n platform aanmekaar getimmer van afvalhout”. Vanaf eersgenoemde “praat ’n bemagtigde groep óór Afrikaans”; van laasgenoemde “’n ontmagtigde groep ín Afrikaans”. Vir laasgenoemde groep “is die polemiekie oor die behoud van Afrikaans ’n ‘non-event’”. Dus moet die gesprek oor Afrikaans op Stellenbosch “ook indringend kyk na die toeganklikheid van die universiteit vir veral arm ‘bruin’ en ‘swart’ Afrikaanssprekendes ...”

Die eerste verantwoordelikheid is “om seker te maak dat die ontmagtigdes bemagtig word deur en in hul moedertaal. Taalbemagtiging ... is sinoniem met gehalte-moedertaalonderrig op laer skool, hoër skool en tersiêre vlak.” Hy vervolg dan: “Afrikaans is die moedertaal van die oorgrote meerderheid inwoners van die Wes-Kaap en ons kan met reg eis dat Afrikaans aan minstens een universiteit in die Wes-Kaap as amptelike taal behou word.”<sup>51</sup>

Elders stel hy dit nog sterker: “Die probleem wat ek het met die rigting van transformasie by die US en meer bepaald die taalkwessie, spruit uit die geringskatting van die arm Afrikaanse stem op sy voorstoep ... Verder bly die kwessie oor die behoud van Afrikaans as onderrigtaal vir hierdie stem dié belangrikste sleutel tot ontwikkeling en regstelling van die onregte van die verlede. En as hierdie gegewe nie deel van die onderbou van die ‘tradisionele historiese pragmatisme’ is waarop die Stellenbosse akademië hulle roem nie, kan ek nie anders as om soos baie ander in my gemeenskap verraai te voel nie.”<sup>52</sup>

Hy het ook gewys op die “krisisafmetings” wat die geletterdheidsvlak van studente aan die Universiteit van Wes-Kaapland aangeneem het omdat niemand bereid is om “luidkeels te protesteer oor die onreg wat bruin studente aangedoen word deur Engels hier as voertaal te gebruik nie”.<sup>53</sup>

Maar ook die wit A-opsioniste het die belange van die bruines in die arena geplaas. Giliomee het die aandag gevestig op die feit dat die US Afrikaans tussen 1915 en 1945 gebruik het om arm Afrikaners toegang tot ’n akademiese opleiding te gee. Dus “behoort hy hom vandag daarop in te stel om bruin en swart Afrikaanssprekendes, van veral die platteland, die groot geleentheid van universiteitsopleiding te gee. Ons wil Afrikaans gebruik om ’n ereskuld teenoor bruin en swart Afrikaanse mense af te betaal.” As dit nie gebeur nie, “watter verraad sal wit Afrikaanssprekendes nie weer eens teenoor bruin Afrikaanssprekendes pleeg nie!”<sup>54</sup>

Dié standpunte moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat die bruin Afrikaanssprekendes se toegang tot tersiêre onderrig die laagste is van alle groepe in die hele land. Ons kom weer hierop terug.

## 4. DIE T-OPSIONISTE

### 4.1 Uitnemendheid, nie taal nie

Aan die hart van die T-opsioniste se standpunt lê die argument dat die fundamentele doel van ’n universiteit die nastreef van akademiese uitnemendheid is, nie die redding van ’n taal nie. Hieruit spruit eintlik alle ander argumente voort.

<sup>51</sup> Christo van der Rheede: “Afrikaans ’n brug tussen ryk en arm” (*Rapport*, 30.10.2005).

<sup>52</sup> Christo van der Rheede: “Dié stemme word nie gehoor in taaldebate” (*Rapport*, 23.7.2006). Ook die bruin skrywer Abraham Phillips het by verskeie geleenthede hartstogtelike pleidooie gehou vir die behoud van Afrikaans op Stellenbosch ten behoeve van die arm bruin gemeenskap. Vgl. bv. Abraham Phillips: “Miskienning van taal trap op armes se regte” (*Die Burger*, 6.9.2006).

<sup>53</sup> Marlene Malan: “Taalplan gesoek” (*Rapport*, 12.2.2006).

<sup>54</sup> Hermann Giliomee: “Bruin studente US se dilemma en uitdaging” (*Die Burger*, 25.10.2005).

Wanneer hy die argumente ten gunste van die afskaling van Afrikaans in sy boek presenteer, sê Brink, ongetwyfeld die mees formidabele deelnemer aan die debat aan sy kant, reguit: “This starting point is significant. The business of the University is not ethnicity, nor culture, nor language, nor regional agendas ... By saying, upfront and at the outset, that the business of the University is about knowledge, Stellenbosch nails its colours to the mast for what has sometimes been called the ‘generalist’, as opposed to the ‘particularist’, view of what a university is for.”<sup>55</sup>

Die voorsitter van die US-Raad, dr. Edwin Hertzog, het met hom saamgestem:

Vir die Raad gaan dit primêr daarom dat die US ’n uitmuntende topklas-universiteit moet wees. Daardie status hang meer as enigiets anders af van die inhoud en gehalte van die universiteit se uitsette. Taal staan in diens van hierdie ideaal; nie andersom nie. Daar kan nie van ’n universiteit in Suid-Afrika of enige ander plek ter wêreld verwag word om ten koste van hierdie ideaal as voorste kampvegter vir ’n taal op te tree nie. ’n Universiteit het wel merendeels ’n bepaalde verbondenheid met een kultuurgemeenskap of meer: dit dien nie in die eerste instansie ’n kultuurgemeenskap of taal nie. In die eerste en laaste instansie staan die universiteit in diens van uitmuntende wetenskapsbeoefening.<sup>56</sup>

## 4.2 Laponce betwis

Laponce se argumente, sê Brink, gaan eintlik nie oor onderwys nie, maar oor taal en politieke mag. Die “real Laponcian thesis is that *a language needs its own territory to survive*”. Ná verdere Laponce-aanhalinge meen Brink: “It is just about enough to make you slit your wrists.” Op grond van Laponce se argumente sou die Suid-Afrika van voor 1994 slegs in ’n burgeroorlog geëindig het, sê hy.<sup>57</sup>

Dit is opvallend dat Brink nie die spesifieke aspek van die Laponce-navorsing betwis waarop die A-opsioniste steun nie, naamlik dat dubbelmedium-onderwys slegs ’n halfwegstasie onderweg na enkelmedium-onderwys is waar die dominante taal seëvier. Hy verkies om Laponce op ’n ander ideologiese front aan te pak, te wete die kwessie van taal en ’n eie grondgebied, met die implikasie dat diegene wat Laponce gebruik, ’n soort taalapartheid aanhang.

Die viserektor (wat Brink ondertussen opgevolg het), Russel Botman, het in ’n koerantadvertensie eweneens geskryf dat Laponce en Joshua Fishman (die ander skrywer waarop A-opsioniste dikwels staatmaak) se werk “volgens taalkenners” geskryf is “in ’n tyd en konteks wat nie vergelykbaar is met dié van Suid-Afrika nie”. Hy sê nie wie die “taalkenners” is nie en ook nie hoe die anderse konteks Laponce en Fishman irrelevant maak nie.<sup>58</sup> Moontlik verwys ’n sin in die Taalkomitee se positiewe aanbeveling aan die Fakulteitsraad van Lettere en Wysbegeerte oor die T-opsie hierna: “Daar is heelwat literatuur wat sterk argumenteer ten gunste van die waarde van tweetalige onderrig in ’n situasie waar ’n klein taal naas ’n sterk wêreldtaal in opvoeding tereg moet kom.”<sup>59</sup> Ons sal weer hierna terugkom.

Nog ’n moontlikheid is ’n uitlating van Hertzog, dat lede van die fakulteitsrade “elke dag op die grondvlak met onderrig besig” is en “die betroubaarste inligting [kan] verskaf oor uitvoerbare

<sup>55</sup> Brink: *No Lesser Place*, p. 114.

<sup>56</sup> Edwin Hertzog: “Taal nie US se primêre taak” (*Die Burger*, 5.10.2005).

<sup>57</sup> Brink: *No Lesser Place*, pp. 149-151.

<sup>58</sup> Russel Botman: “Wat is die akademiese gronde vir die US-taalbesluite?” (*Die Burger*, 11.3.2006).

<sup>59</sup> Aangehaal deur Abraham de Vries: “Die onbekende dokument wat die US se taalbesluit moes bepaal”, by [www.oulitnet.co.za/taaldebat/onbekende\\_dokument.asp](http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/onbekende_dokument.asp).

reëlins en wesenlike behoeftes. Dit is geen eenvoudige saak om 'n departement of fakulteit wat oortuigend kan aantoon waarom die toepassing van 'n bepaalde taalspesifikasie nie bevredigend werk nie, trompop te weerlê en te probeer dwing om by A te hou nie."<sup>60</sup>

### 4.3 Afrikaans en die glybaan na isolasie

Ofskoon die geldigheid van die spesifieke Laponce-navorsing oor dubbelmedium-onderrig dus nie as sodanig betwis word nie, beteken dit nie dat Brink en die ander T-opsioniste geen antwoord daarop het nie. In sy boek beantwoord Brink die “glybaan-na-Engels”-argument met 'n teenargument: Daar is 'n veel *groter* gevaar dat 'n eksklusief Afrikaanse US op 'n glybaan na isolasie tereg kan kom:

I have argued that, inasmuch as Stellenbosch University may stand accused of ... risking a slippery slope towards *verengelsing*, the other direction, of pursuing the strictly 'Afrikaans university' of the *taalstryders*, would put the University at even greater risk – the risk, namely, of a slippery slope towards parochialism and academic isolation.<sup>61</sup>

Brink haal dan aan uit 'n toespraak van hom waarin hy die risiko van die twee glybane vergelyk, te wete “*verengelsing* and isolation”: “Where the former might place Afrikaans at risk, the latter, to my mind, is even more fundamental, because it places the entire University at risk.”<sup>62</sup> (Om Afrikaans te riskeer, blyk hieruit, is vir Brink dus minder erg as om die US te riskeer.) Die belangrikste motivering hiervoor is dat 'n eksklusief Afrikaanse universiteit geen swartes nie en slegs min bruines sal trek, en dus hoofsaaklik wit sal bly – met die gevaar dat verwyte van rassisme.<sup>63</sup>

Brink het op die argument uitgebrei in 'n brief wat hy in Mei 2006 aan die Senaat geskryf het om die professore te vra om die Konvokasie se voorstelle, wat na sy mening op taaldwang sou neerkom, te verwerp. (Dié voorstelle was dat nie-Afrikaanssprekende dosente en studente 'n billike tyd gegun moes word om Afrikaans verplig aan te leer.) Daarin het hy voorsien dat die US “noodwendigerwys” onmiddellik sy Fakulteit Krygskunde (die Militêre Akademie op Saldanha, waar die onderrigmedium uitsluitlik Engels is) sou verloor,<sup>64</sup> dat ander fakulteite soos Gesondheidswetenskappe en Teologie “in geheel op risiko” geplaas sou word, dat die universiteit se nagraadse studentegetalle “dramaties” en sy voorgraadse kursusaanbod “aanmerklik” sal krimp, dat die US van sy internasionale akkreditasies sal verloor, dat hy van sy internasionale samewerkingsooreenkomste “op risiko” sou plaas, dat hy 'n aantal top-akademici sou verloor terwyl die rekrutering van top-akademici aan bande gelê sal word. “Met 'n beleid van verpligte Afrikaansmagtigtheid vir alle studente en dosente ... is die waarskynlikheid hoog dat Stellenbosch Universiteit sal krimp na 'n instelling wat nie veel meer bied as voorgraadse onderrig in 'n beperkte aantal standaard-dissiplines en enkele nagraadse- en navorsingsinisiatiewe nie.”<sup>65</sup>

Hertzog was selfs meer spesifiek: “As ons botweg op 'n eksklusief Afrikaanse onderrigmodus sou aandring, sou ons 'n onbekostigbare aantal studente verloor – ten minste 30% van die letterestudente, die hele fakulteit teologie en krygskunde, sowel as baie beduidende getalle studente

<sup>60</sup> Edwin Hertzog: “Taal dien US-ideaal” (*Die Burger*, 5.10.2005).

<sup>61</sup> Brink: *No Lesser Place*, p. 138.

<sup>62</sup> Ibid.

<sup>63</sup> Ibid, p. 144.

<sup>64</sup> Die Konvokasie se voorstelle was juis nie op die Militêre Akademie van toepassing nie.

<sup>65</sup> Brief van Brink aan Senaat, 29.5.2006. Vgl. ook sy toespraak voor die Konvokasie, 10.11.2005.

uit die ander fakulteite.” Hy het gesê sommige departemente sou “waarskynlik gesluit moet word”. Voeg die impak op die US se navorsingsvermoë by, en die “US [sal] verskraal word tot bloot ’n middelmatige streekinstelling”.<sup>66</sup>

#### 4.4 ’n Multikulturele benadering is beter as kulturele apartheid

’n Redenasie wat deurgaans by die T-opsioniste aangetref word, is dat die saamvoeg van Afrikaans- en Engelssprekende studente die ideaal van multikulturaliteit en groter wedersydse begrip sal dien, terwyl parallelmediumonderrig of ’n eksklusiewe Afrikaanse instelling ’n terugkeer na apartheid sal beteken.

Brink definieer die multikulturele model só: “This manifests a belief in the value of bringing different language groups together in an environment conducive to interaction.”<sup>67</sup> Hy kontrasteer dit met “a *protectionist* approach to language” wat versterk word met “methods of exclusion and compulsion”. Hy haal vervolgens aan uit die universiteit se Strategiese Raamwerk, wat in Engels só lui:

[One of the focuses for repositioning is] a deliberate effort to turn the riches of the country’s diversity to advantage as an asset – this means, specifically, efforts to advance interracial, inter-ethnic, multicultural and intercultural understanding, tolerance and cooperation.<sup>68</sup>

Dit is trouens een van die sentrale temas van Brink se boek – dat die A-opsioniste ’n rigiede, reëlgedrewe beleid voorstaan, dat hulle Afrikaans deur middel van reëls wil beskerm, terwyl hy en diegene wat soos hy dink, dit wil doen deur vriende vir Afrikaans te maak.<sup>69</sup>

Hertzog maak eweneens swaar op dié redenasie staat. Hy skryf oor die gewaarwording van die Taalkomitee

dat daar toenemend ’n waardering op die kampus groei vir die potensiaal van die T-opsie om Afrikaans te beskerm en tegelykertyd aan die studente ’n waardevolle ervaring van multikulturaliteit te bied. Eerder as om taalgroepe klaggewys volkome te skei ... is die gewaarwording eerder dat die T-opsie aan die studente die geleentheid bied om nie slegs mekaar se tale nie, maar ook mekaar se ervarings- en kultuurwêrelde beter te leer ken.<sup>70</sup>

Botman het weliswaar hieraan toegevoeg dat “[o]ns siening van multikulturaliteit sluit dan ook juis uit dat ons enige strewe het na ’n monotalige Engelse universiteit”.<sup>71</sup>

#### 4.5 Die noodsaak van transformasie

In sy boek benader Brink die kwessie van transformasie baie wyd. Die naaste wat hy aan ’n definisie daarvan kom, is moontlik dat dit “value-driven” eerder as “rule-driven” is. Dit strek vir hom baie wyer as bloot die inbring van swartes: “We need more diversity in terms of colour,

<sup>66</sup> Hertzog: “Taal dien US-ideaal” (*Die Burger*, 5.10.2006). Hy het egter geen navorsing aangebied om sy stellings te staaf nie.

<sup>67</sup> Brink: *No Lesser Place*, p. 58.

<sup>68</sup> *Ibid.*, p. 117.

<sup>69</sup> *Vgl. ibid.*

<sup>70</sup> Hertzog: “Taal dien US-ideaal” (*Die Burger*, 5.10.2006).

<sup>71</sup> Botman: “Só gaan US se Taalbeleid hersien word” (*Die Burger*, 18.4.2006).

gender, of religion, of ability and disability, of sexual orientation, of geographic origin, of financial capacity ... We need not just a diversity of people. We need the true diversity of ideas.”<sup>72</sup>

Ondanks Brink se duidelik holistiese benadering, het ander in sy kamp dit baie nouer gedefinieer. Fanie Cloete het byvoorbeeld geskryf:

Die transformasieprioriteite vir die US kan opgesom word as die bevordering van ’n kultuur van uitmuntende wetenskapsbeoefening en kennisoordrag, verantwoordbare gemeenskapsinteraksie en etniese en geslagsdiversifisering. Die grootste transformasie-uitdaging vir die universiteitsbestuur is om die huidige oorheersende wit Afrikaanstalig-gedomineerde voorgraadse akademiese aktiwiteite meer ras-, taal- en kultuurdiverse te maak.<sup>73</sup>

Die feit dat dit na sy mening op Stellenbosch slegs “op klein skaal en drupsgewys” plaasgevind het, beteken dat die maghebbers dit vertolk “as voortgesette weerstand teen transformasie omdat dit studente en dosente van ander agtergronde wat nie Afrikaans magtig is nie, grootliks uitsluit van studie of werk by die US ...”<sup>74</sup>

In ’n koerantartikel was Hertzog se standpunt dat transformasie “nie ’n eis vanweë politieke dienstigheid aan enige owerheid” is nie. “Dis ’n morele plig van die US, veral in die lig van aspekte van ons besondere geskiedenis.”<sup>75</sup>

Hy het eweneens in ’n kommentaar op die Konvokasie se 2006-Taalbeleidvoorstelle geskryf dat ’n verpligte A-opsie op tweede- en derdejaarsvlak “’n bykans volledige beletsel vir swart, nie-Afrikaanssprekende studente sal wees om voorgraads op Stellenbosch te studeer.” Dit sal ook nie help om op Afrikaanssprekende bruines te konsentreer nie, aangesien dié poel reeds tot sy maksimum ontgin word. “Die meeste bruin Afrikaanssprekende matrikulante het boonop klaarblyklik nie ’n probleem om eerder in Engels voorgraads te studeer as gekyk word na hul getalle by die Universiteit Kaapstad en die Universiteit Wes-Kaap nie: daar is wesenlik meer Afrikaanssprekende, bruin studente by hierdie Engelstalige universiteite as by Stellenbosch.”<sup>76</sup>

#### 4.6 Taalimperialisme en ekstremisme

Die T-opsioniste sê ook dikwels dat die A-opsioniste ekstremistiese houdings inneem. Dalk die reguitste uitspraak in dié verband was van Gerhard van Niekerk in sy poging om namens die US-borge as Raadslid herkies te word. Hy het sy teenstander in die verkiesing, Jacko Maree, beskuldig van ’n “obsessie om verkies te word ten einde ’n regs-reaksionêre taalbeleid aan die Universiteit Stellenbosch op te dwing ...”<sup>77</sup> Die uitgesproke joernalis Max du Preez het die A-opsioniste verwytdat hulle “openly campaign for a new Afrikaner nationalism and ethnic mobilisation”. As hulle wen, sal die US gesien word “as a conservative Afrikaner enclave – and many would add ‘racist’.”<sup>78</sup>

Fanie Cloete was dieselfde mening toegedaan. Hy het reeds in 2002 gepraat van ’n “subtiele herlewing van apartheidsdopings om ’n Christelik-nasionale onderwysbeleid statutêr op te dwing”<sup>79</sup>

<sup>72</sup> Brink: *No Lesser Place*, pp. 125-126.

<sup>73</sup> Fanie Cloete: “Transformasie: Só lyk die eise vir Maties” (*Die Burger*, 15.1.2005).

<sup>74</sup> Ibid.

<sup>75</sup> Edwin Hertzog: “Taal dien US-ideaal” (*Die Burger*, 10.5.2005).

<sup>76</sup> Brief van dr. Edwin Hertzog aan proff. Pieter Kapp en Christo Viljoen, 9.10.2005.

<sup>77</sup> G.S. van Niekerk: “Wil US lei na uitmuntendheid” (*Die Burger*, 8.3.2006).

<sup>78</sup> Max du Preez: “Save Stellenbosch from ‘neo-Afrikaners’” (*The Star*, 9.3.2006).

<sup>79</sup> Fanie Cloete: “Maties en taal: Emosionele propaganda misleidend” (*Die Burger*, 4.9.2002).



en van “taalekstremisme”.<sup>80</sup> ’n Paar jaar later het hy dit gehad oor ’n “[h]ernude neokonserwatiewe aanslag op die psige van die Afrikaanssprekendes ... om Afrikanernasionalisme te laat herleef”. Die veldtog word, “soos in die verlede”, gedryf deur elites in die FAK, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Afrikanerbond en Naspers.<sup>81</sup> Die hoogtepunt was egter moontlik toe hy die A-opsioniste se “ideologiese rigiditeit” aan die skandpaal gespyker en dit tot “taalimperialisme” uitgeroep het.<sup>82</sup>

Nie almal het dit heeltemal só flagrant gestel nie; Brink was aansienlik subtieler in sy benadering. Regdeur sy boek is daar die dichotomie tussen neo-Afrikaners en progressiewe, proteksionisme en multikulturalisme, rigiede reëls en die maak van vriende, rigiditeit en aanpasbaarheid, dwang en spontaneïteit, ensovoorts. Hy meen die A-opsioniste wil ’n *cordon sanitaire* rondom Afrikaans as voorgraadse onderrigmedium optrek, “no contamination from the English virus being allowed”.<sup>83</sup> Dié saak word gedryf deur wat Brink “neo-Afrikaners” noem. Ofskoon hulle besef hulle kan nie meer ’n eie “physical territory” hê nie, “perhaps you can still have a mental territory”. En dan volg dié sin: “This, I believe, is the core of the neo-Afrikaner agenda: *a volkstaat of the mind*”.<sup>84</sup> Volgens die neo-Afrikaners, aldus impliseer Brink, moet die Universiteit Stellenbosch daardie “volkstaat of the mind” wees.

Overgezet zijnde: Diegene wat Stellenbosch primêr Afrikaans wil hou, hunker terug na apartheid.

Terselfdertyd verwyf die T-opsioniste hul opponente gereeld daarvan dat hulle *taaldwang* op Stellenbosch wil toepas. Die Afrikaners, skryf Brink in sy boek, “have always had an authoritarian streak in them”. En die taal Afrikaans “is rich in metaphors of power and authority.”<sup>85</sup> Brink het ook hierop gesinspeel toe hy die Senaat gevra het om die Konvokasievoorstelle te verwerp. Hy het die professore daarop gewys dat dit binnekort die 30ste herdenking sou wees van die Soweto-opstand van 1976: “Daardie opstand, wat ’n nasionale en internasionale verwysingspunt geword het van die stryd teen apartheid, is ontketen deurdat Afrikaans as onderrigtaal op mense afgeforseer is. Enige beleid op ons kampus wat as sodanig geïnterpreteer word, sal waarskynlik ’n sterk nasionale en internasionale reaksie teen die US tot gevolg hê.”<sup>86</sup>

## 5. ANALISE

Hier is nou talle beskuldigings oor en weer gemaak. Maar wat is die feite?

Die probleem is, volgens kritici van die T-opsie, dat geen behoorlike navorsing gedoen is oor wat die uitwerking van die T-opsie op voetsoolvlak in die klaskamer het nie. Giliomee skryf dat die US-Raad “voorstelle wat van die bestuur gekom het, onkrities aanvaar [het]. Geen duidelike, statistiese ontledings van die werklike behoefte aan Afrikaanse onderrig en die opheffing deur Afrikaans is gedoen nie.”<sup>87</sup>

Russel Botman het self erken: “Daar is nie werklik goeie en uitgebreide navorsing oor meertalige onderrig op tersiêre vlak nie, en veral nie in meertalige gemeenskappe nie. Ons begin nou maar eers

<sup>80</sup> Fanie Cloete: “Taalplan buigsaam, realisties” (*Die Burger*, 2.10.2002).

<sup>81</sup> Fanie Cloete: “Neokonserwatiewe aanslag op die psige” (*Die Burger*, 30.3.2006).

<sup>82</sup> Fanie Cloete: “Dit is taalimperialisme” (*Die Burger*, 27.10.2005).

<sup>83</sup> Chris Brink: *No Lesser Place*, p. 69.

<sup>84</sup> *Ibid.*, p. 79.

<sup>85</sup> Brink: *No Lesser Place*, pp. 69 en 99.

<sup>86</sup> Brief van Brink aan Senaat, 29 Mei 2006.

<sup>87</sup> Giliomee: “Afrikaans by Stellenbosch en ander histories Afrikaanse universiteite”, in Hertzog, Britz en Henderson: *Gesprek sonder Grense*, p. 144.

begryp wat die probleme is en wat die aard van die data is, trouens, is besig om self daardie data te genereer!”<sup>88</sup>

Dit is nogal ’n erkenning. Drie jaar lank is ’n beleid wat amptelik van krag was, deels geïgnoreer en gewysig – en dit nogal, aldus die voorsitter van die Taalkomitee, Anton van Niekerk – “op akademiese gronde”,<sup>89</sup> terwyl die voorstanders “nou maar eers begryp wat die probleme is” en navorsing daarvoor begin doen!

Die naaste wat die T-opsioniste aan “navorsing” gekom het, was ’n verwysing in die Taalkomitee se aanbeveling aan die Raad dat daar “heelwat literatuur” is “wat sterk argumenteer ten gunste van die waarde van tweetalige onderrig in ’n situasie waar ’n klein taal naas ’n sterk wêreldtaal in opvoeding tereg moet kom”.<sup>90</sup>

Ná heelwat getoutrek het Hermann Giliomee ’n literatuurlys by Van Niekerk gekry. In ’n begeleidende brief skryf Van Niekerk hy verneem by “taalkundekollegas” “van ’n beskouing wat skynbaar in die jongste jare veld wen”, naamlik dat die “belang van moedertaalonderrig ... dikwels en in baie opsigte oordryf word”. Intendeel, dit word “al hoe belangriker (en beter) om mense tweetalig op te voed – een taal moet (onvermydelik) Engels wees, wat dan in konjunksie met die kleiner taal figureer in die klaskamer”.<sup>91</sup>

Giliomee en Schlemmer wy in hul boek drie bladsye aan ’n bespreking van die literatuurlys. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat sommige boeke oor ander onderwerpe handel en dat die res nie die standpunt inneem wat Van Niekerk se “taalkundekollegas” daaraan toeskryf nie.<sup>92</sup> Sover bekend het nóg Van Niekerk nóg sy kollegas ooit daarop geantwoord.

Daar is wel navorsing oor wat op Stellenbosch op voetsoolvlak aan die gang is. Hierbo is daarop gewys dat Van Niekerk oorspronklik in 2003 gesê het dat die A-opsie sou geld in ’n volle 70% van die modules waarvan die taalspesifikasies bepaal was, en dat dit teen 2006 afgeneem het tot 40,63%. Ons het ook gesien dat die A-opsioniste beweer dat selfs dít nie in die praktyk klop nie, aangesien baie dosente hulle – nieteenstaande die bepalings van die gedragskode – nie daaraan hou nie.

Twee Stellenbosse studente, Piet le Roux en Henry Cloete, het ’n e-posopname onder studente laat doen oor die vraag wat in hul lesings gebeur, of die taalspesifikasie wat die Taalkomitee daaraan toegeken het, inderdaad nagekom word. Hulle erken self dat dit nie baie wetenskaplik is nie, maar dit klink tog geloofwaardig genoeg om te aanvaar as algemene aanduiding van wat op voetsoolvlak in 2005 aan die gang was. Die resultate was onthutsend:<sup>93</sup>

1. 19 rapporterings: modules wat as T-opsie aangedui word, waar sommige dosente slegs in Engels doseer.
2. 7 rapporterings: modules gemerk as A-opsie, waar sommige dosente feitlik net Engels doseer.
3. 5 rapporterings: modules gemerk as A-opsie, waar die dosent gedeeltes slegs in Engels doseer.
4. 31 rapporterings: sommige dosente herhaal feitlik alles in Afrikaans en Engels in dieselfde klas.

<sup>88</sup> Russel Botman: “Wat is die akademiese gronde vir die US-taalbesluite?” (*Die Burger*, 11.3.2006).

<sup>89</sup> Elsabé Brits: “Teenstanders trek te velde teen T-besluit” (*Die Burger*, 17.12.2005).

<sup>90</sup> Aangehaal in Abraham de Vries: “Die onbekende dokument wat die US se taalbesluit moes bepaal”, by [www.oulitnet.co.za/taaldebat/onbekende-\\_dokument.asp](http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/onbekende-_dokument.asp).

<sup>91</sup> Giliomee en Schlemmer: *’n Vaste plek vir Afrikaans*, pp. 129-130.

<sup>92</sup> *Ibid.*, pp. 130-133.

<sup>93</sup> Piet le Roux en Henry Cloete: “Die US se taalpraktyk: ’n opname oor Engels in klasse”, 10.4.2006, in ons besit.

5. 25 rapporterings: sommige van die dosente is geen/swak Afrikaans magtig, of die dosent gebruik onduidelike (direk-vertaalde?) Afrikaans.
6. 5 rapporterings: sommige van die dosente is swak Engels magtig, alhoewel hulle daarin probeer doseer.
7. 34 rapporterings: notas hoofsaaklik/slegs in Engels beskikbaar.

Weer eens, die opname is nie baie wetenskaplik nie en sy waarde is beperk. Maar as algemene aanduiding bevestig dit wat die A-opsioniste waarneem, naamlik dat die universiteit se eie taalbeleid nie eens nagekom word nie. Uit die syfers blyk in mindere of meerdere mate 'n duidelike swaai na Engels.

## 6. GEVOLGTREKKING

Die eenvoudige feit is dat die doeltreffende toepassing van die T-opsie ten minste 'n passiewe beheersing van sowel Afrikaans as Engels by alle deelnemende studente verg. Dit word trouens uitdruklik in die Taalplan en Gedragskode erken. As dit die geval is, kan die dosent – sê maar – tien minute op Afrikaans praat, dan vir die volgende tien minute op Engels voortgaan, terugkeer na Afrikaans, ensovoorts. Maar talle nie-Afrikaanssprekendes – volgens anekdotiese getuienis gaan dit veral om wit Engelssprekendes – weier volstrek om Afrikaans in die klas te aanvaar. So gou die dosent Afrikaans praat, skiet die hande in die lug met klagtes dat hulle nie Afrikaans verstaan nie. As hy of sy konflik wil vermy (en dit is meestal die geval) het die dosent een van twee moontlikhede: Hy/sy kan alles wat op Afrikaans gesê word, op Engels herhaal, waardeur die lesing in effek met 50% gesny word, of hy/sy kan álles op Engels sê. Dit is dié dinamiek wat meebring dat die T-opsie inderdaad, soos die navorsing wêreldwyd en elders in Suid-Afrika aandui, 'n halfwegstasie onderweg na 'n eentalig-Engelse opsie is. Dit is wat gebeur wanneer daar in die praktyk geen (maat)reëls is nie; wanneer die taalsituasie eenvoudig aan markkragte oorgelaat word.

Teen dié agtergrond kan 'n mens dalk 'n vinnige oefeninkie in die logika waag. Feit een: Die T-opsioniste is sterk teen taaldwang gekant, selfs om die vereistes rakende taalverwerwing van die T-opsie na te kom. Feit twee: Indien daardie vereistes nié nagekom word nie, moet die dosent noodwendig alles op twee tale herhaal, waardeur die tydsduur van die lesings effektief gehalveer word. Feit drie: Dít beteken dat die akademiese uitnemendheid van die US noodwendig daaronder gaan ly. Feit vier: Brink, Hertzog en ander T-opsioniste beskou die universiteit se akademiese uitnemendheid as die hoogste prioriteit, belangriker nog as Afrikaans.

As 'n mens nou logieserwys op die voorgaande paragraaf se pad terugstap, lei dit tot die volgende: Aangesien die T-opsioniste akademiese uitnemendheid bo alles waardeur, beteken dit dat hulle nie vir die effektiewe halvering van die lesings te vinde sal wees nie. Saam met die feit dat hulle ook gekant is teen taaldwang, wat eksplisiet deur die T-opsie vereis word, beteken dit dat hulle die T-opsie effektief verwerp. Wat oorbly, is die E-opsie, oftewel dat Stellenbosch eentalig Engels moet word. Is dit inderdaad hul heimlike doel?

Uit die ontledings van die wedersydse argumente blyk nog 'n interessante feit. Dit is dat waar die argumente van die A-opsioniste hoofsaaklik – maar nie uitsluitlik nie – *akademies* en *pedagogies* van aard is, dié van die T-opsioniste hoofsaaklik – maar nie uitsluitlik nie – *ideologies* van aard is. Eersgenoemde groep konsentreer op die rol van voertaal in die klaskamer en die doeltreffendheid daarvan in die onderrigsituasie, en op die opheffingsrol wat die taal by ontmagtigde sprekers kan speel. Afhangende vanuit welke hoek 'n mens die saak bekyk, sou laasgenoemde argument moontlik as ideologies geklassifiseer kon word. Maar die samehang waarin dit aangebied word, maak baie duidelik dat dit as pragmatiese, pedagogiese argument bedoel word.

In die breë debat is daar wel A-opsioniste wat ideologiese argumente gebruik het. Dr. Dan Roodt van die Pro-Afrikaanse Aksiegroep, of PRAAG is 'n goeie voorbeeld,<sup>94</sup> maar hy was 'n uitsondering.

Andersyds konsentreer die T-opsioniste op die oortuiging dat taal van ondergeskikte belang is in die opvoedende taak van 'n universiteit, die eksplisiete en implisiete koppeling van 'n taalstryd vir Afrikaans met 'n terughunkering na apartheid, die kwessie van dwang, transformasie, ensovoorts. Eersgenoemde sou moontlik as 'n akademiese argument beskou kon word, maar in samehang met die ander hel dit duidelik oor na die ideologiese kant.

Wat 'n mens terselfdertyd opval, is dat die A-opsioniste die apartheidsideologiese motiewe wat aan hulle toegeskryf word, soveel as wat hulle wil kan ontken; dit word eenvoudig nie geglo nie. Dis nie verniet nie dat Kapp kapsie aangeteken het teen “die wanvoorstelling dat die voorstanders van die A-opsie verkrampte mense met 'n laertrekmentaliteit is wat Stellenbosch en Afrikaans van die res van Suid-Afrika wil afsonder”.<sup>95</sup> Hulle is herhaaldelik daarop gewys dat die meeste prominente voorstanders van die A-opsie – mense soos Breyten Breytenbach, André P. Brink, Johan Degenaar, E.K.M. Dido, Richard van der Ross, Abraham de Vries en andere – onmoontlik daarvan verdink kan word dat hulle “neo-Afrikaners” is, 'n “*volkstaat* of the mind” voorstaan of na apartheid terughunker, maar die beskuldiging is elke keer weer herhaal.

Ook opvallend is die totale gebrek aan empiriese navorsing by die T-opsioniste, wat moontlik die verklaring kan wees waarom hulle so van akademiese en pedagogiese argumente wegskrum.

Dit alles beteken eenvoudig dat die twee kante bymekaar verby praat. Hulle hóór mekaar, maar hulle lúíster nie regtig nie. Dít is waarskynlik een van die fundamentele redes waarom die debat so frustrerend is.

Uiteindelik bly dit 'n interessante vraag: Waarom het die US in die praktyk wegbeweeg van sy oorspronklike taalbeleid van 2002, veral ná Brink se indrukwekkende rede voor die Konvokasie en die wye aanvaarding wat dit geniet het? Die antwoord, so lyk dit, is in Brink se boek te vinde. Daarin vertel die Rektor dat die universiteitsbestuur, toe 'n besigheidsplan vir 2004 opgestel moes word, gevra het vir 'n verslag oor hoe om meer “African Black” studente na die US te trek. Brink skryf: “[T]he answer came back unequivocally: the language policy of ‘Afrikaans as the automatic option in undergraduate teaching’, and the perceptions of Stellenbosch as an ‘Afrikaans university’, severely limit the possibility of recruiting significant numbers of African Blacks at undergraduate level.”<sup>96</sup>

Hieruit blyk dit dat daar in 2003-'04 'n frontverandering op bestuursvlak was. Toe die ondersoek dit duidelik maak dat die taalbeleid van 2002 'n struikelblok vir transformasie en meer “Black African”-studente was, is besluit om die beleid, klaarblyklik sluipenderwys, te verander. Transformasie was dus belangriker as die nakoming van beloftes, die belang van Afrikaans of die belang van die agtergestelde (bruin) Afrikaanssprekendes. Toe was Brink se beloftes dat die US 'n nismark sou bedien (“Ons is dié universiteit wat in Afrikaans klasgee” – sy toespraak van November 2002) of die belange van die “arm Afrikaanssprekendes” (sy laaste optrede as rektorskandidaat voor die Raad) vergete.

Daar is twee ironieë hieraan verbonde. Die eerste is dat selfs die verengelsingsproses nie voldoende was om swart studente in beduidende getalle te trek nie. Tussen 2004 en 2006 het die persentasie swart voorgraadse studente onveranderd op 4% gebly, en swart nagraadse studente

<sup>94</sup> Kyk bv. Dan Roodt: “Chris Brink wys sy ware kleure” ([www.praag.co.za/rubriek226d.htm](http://www.praag.co.za/rubriek226d.htm)); Dan Roodt: “Afrikaans en negatiewe taalbeplanning na 1994” ([www.praag.co.za/opstelle88d.htm](http://www.praag.co.za/opstelle88d.htm)).

<sup>95</sup> Pieter Kapp: “Is taalversoening aan die US moontlik?”, in ons besit.

<sup>96</sup> Brink: *No Lesser Place*, p. 135.

het selfs afgeneem van 31% tot 25%. Trouens, die US het opgehou studente uit swart skole werf! Die doel waaraan Afrikaans opgeoffer is, is nie bereik nie. Inteendeel, Engelssprekende studente het – waarskynlik danksy die T-opsie – toegeneem van 28% in 2003 tot 33% in 2004.<sup>97</sup> Volgens Hermann Giliomee is daar in 2007 amper ewe veel nie-Afrikaanssprekende studente in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte as Afrikaanssprekendes ingeskryf.<sup>98</sup>

Die tweede is dat bruin Afrikaanssprekende studente saam met hul taal opgeoffer is. Hertzog het verskeie kere betoog dat die persentasie bruin Afrikaanssprekendes wat universiteit toe gaan, te laag is om veel moeite voor te doen. Ander studeer liefs aan Engelstalige universiteite.<sup>99</sup> Brink wys daarop dat slegs 4,5% van die bruin Afrikaanssprekendes aan tersiêre onderwysinrigtings studeer, die laagste van alle groepe in die land, maar verwerp die idee van ’n Afrikaanse wit-bruin universiteit omdat dit hom ook op die “slippery slope towards regionalism, parochialism and isolation” sal plaas.<sup>100</sup>

Hoe ’n mens ook al daarna wil kyk, dis duidelik dat die bruin Afrikaanssprekendes nie beduidend op die radarskerm van die US-bestuur geregistreer het nie. Dit kan dalk verander met die bewindsoorname van Russel Botman. In een van sy eerste openbare uitsprake ná sy verkiesing het hy gesê hy wil vennootskappe met skole uit voorheen benadeelde gemeenskappe sluit. “Die hoofrede waarom studente uit voorheen benadeelde skole, en veral uit bruin skole, nie na die US kom nie, is omdat hulle verkeerde vakke gekies het en daarom nie aan die universiteit se toelatingsvereistes voldoen nie. Dit gebeur ook weens hul kommer oor blyplek en omdat hulle nie finansiële steun het nie.

Die US werf tans jaarliks sowat 400 studente uit dié gemeenskappe. Dié getal sal drasties opgestoot moet word. Ons sal ’n werwingsfonds moet kry.<sup>101</sup>

Enkele weke later het hy daaraan toegevoeg dat die US die “morele basis van Afrikaans” wil help herstel. Onder meer deur sy betrokkenheid by skole moet die US arm Afrikaanssprekendes, spesifiek uit die bruin gemeenskap, help om na die universiteit te kom.<sup>102</sup>

Dit klink na ’n ander geluid.

Hoe ook al, dis duidelik dat die deelnemers aan die taaldebat op Stellenbosch – en ons oorwoë mening is dat dit meer op die T-opsioniste as op die A-opsioniste van toepassing is – kers sal moet gaan opsteek by een van die universiteit se mees illustere dissidente, Johan Degenaar, en sy vereistes vir die Oop Gesprek. Die taaldebat is veral gekenmerk deur venyn, verdagmaking, agterdogsaaiery en verdraaiing van die ander party se standpunte. Dit is die Universiteit Stellenbosch nie waardig nie.

Wat is die taak van ’n universiteit? Breedweg gestel, om kennis oor te dra en kennis te genereer. In dié eenvoudige taakstelling kom taal inderdaad nie voor nie. Maar dit beteken nie dat mense soos Brink en Hertzog gelyk het nie. Die oordrag en skepping van kennis geskied naamlik binne ’n bepaalde politieke, ekonomiese en maatskaplik-kulturele konteks. Die groot fout wat die Brinks en Hertzogs van die lewe maak, is om die politieke konteks te sterk te beklemtoon, nie alle aspekte van die ekonomiese konteks te erken nie en die maatskaplik-kulturele konteks feitlik heeltemal te ontken.

<sup>97</sup> Ek dank prof. Hermann Giliomee vir dié syfers.

<sup>98</sup> Mededeling, 3.2.2007.

<sup>99</sup> Kyk bv. Edwin Hertzog: “Taal dien US-ideaal” (*Die Burger*, 10.5.2005).

<sup>100</sup> Brink: *No Lesser Place*, pp. 142-144.

<sup>101</sup> Marlene Malan: “Die Brink-era is verby” (*Rapport*, 17.12.2006).

<sup>102</sup> Gerrit Brand: “US ‘wil morele basis van Afrikaans help herstel’” (*Die Burger*, 9.2.2007).

Hoe 'n mens ook al daarna wil kyk, deel van daardie ekonomiese konteks is *armoede* en deel van die maatskaplik-kulturele konteks is *taal*. 'n Universiteit kan nie in 'n akademiese ivoortoring funksioneer nie; hy staan uiteindelik in diens van 'n gemeenskap. Hy kan sake soos armoede en taal eenvoudig nie ignoreer nie. Deur die regte taalbeleid – en laat 'n mens presies wees, dit gaan om moedertaalonderrig – te volg, word nie alleen ook op voorgraadse vlak vir die beste akademiese prestasies gesorg nie,<sup>103</sup> maar help dit die agtergeblewe Afrikaanse gemeenskap bemagtig om op die duur uit die uitsiglose kringloop van armoede, onwetendheid, gebroke maatskaplike strukture en misdaad te ontsnap. Enige universiteit, en dit geld beslis ook vir die Universiteit Stellenbosch, wat dié verantwoordelikheid op grond van neo-liberale ideologiese oorwegings ontduik, is ontrou aan sy aard.

## GESELEKTEERDE BIBLIOGRAFIE

- Bekker, Koos: “Keira, wat’s jou ringtone?” (*Die Burger*, 26.10.2005).
- Brink, Chris: *No lesser Place. The taaldebat at Stellenbosch* (Stellenbosch, Sun Press, 2006).
- Brink, Chris: “Ons weg deur die nuwe wêreld – 'n Taalvisie vir die Universiteit van Stellenbosch”, 18.5.2001, in ons besit.
- Brink, Chris: “US-rektor stel taalvisie” (*Die Burger*, 11.6.2002).
- Cloete, Fanie: “Transformasie: Só lyk die eise vir Maties” (*Die Burger*, 15.1.2005).
- De Vries, Abraham: “Die onbekende dokument wat die US se taalbesluit moes bepaal”, by [www.oulitnet.co.za/taaldebat/onbekende\\_dokument.asp](http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/onbekende_dokument.asp).
- Giliomee, Hermann: “Afrikaans by Stellenbosch en ander historiese Afrikaanse universiteite”, in Dirk Hertzog, Etienne Britz en Alastair Henderson: *Gesprek sonder Grense. Huldigingsbundel ter ere van Johan Degenaar se 80ste Verjaarsdag* (Pretoria, Protea, 2007), p. 141.
- Giliomee, Hermann en Schlemmer, Lawrence: *'n Vaste Plek vir Afrikaans. Taaluitdagings op kampus* (Stellenbosch, Sun Press, 2006).
- Hertzog, Edwin: “Taal dien US-ideaal” (*Die Burger*, 5.10.2005).
- Hertzog, Edwin: “Taal nie US se primêre taak” (*Die Burger*, 5.10.2005).
- Kapp, Pieter: Boekbespreking van Chris Brink se *No Lesser Place* (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46/2, Junie 2006, p. 258).
- Kapp, Pieter: “Nadere beskouing van verskille”, in ons besit.
- Kapp, Pieter: “Is taalversoening aan die US moontlik?”, in ons besit.
- Laponce, Jean: *Languages and their Territories* (Toronto, University of Toronto, 1987).
- Louw, Chris: *Boetman en die Swanesang van die Verligtes* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001).
- Phillips, Abraham: “Miskenning van taal trap op armes se regte” (*Die Burger*, 6.9.2006).
- Scholtz, G.D: *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner*, V (Johannesburg, Perskor, 1978).
- Scholtz, Leopold: “Die belang van Afrikaanse onderwys vir die oorlewing van die taal” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 46/4, Desember 2006).
- Scholtz, Leopold en Ingrid: “Die debat oor die verering van Bram Fischer” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 46/1, Maart 2006).
- Universiteit Stellenbosch: “Gedragkode vir taal in die klaskamer” ([www.sun.ac.za/university/Taal/gedragkode.doc](http://www.sun.ac.za/university/Taal/gedragkode.doc)).
- Universiteit Stellenbosch: “Taalbeleid” ([www.sun.ac.za/university/Taal/taalplanfinaal.pdf](http://www.sun.ac.za/university/Taal/taalplanfinaal.pdf)).
- Universiteit Stellenbosch: “Taalplan” ([www.sun.ac.za/university/Taal/taalbeleid2004.pdf](http://www.sun.ac.za/university/Taal/taalbeleid2004.pdf)).
- Van der Rheede, Christo: “Afrikaans 'n brug tussen ryk en arm” (*Rapport*, 30.10.2005).
- Van der Rheede, Christo: “Dié stemme word nie gehoor in taaldebat” (*Rapport*, 23.7.2006).
- Verder talle nuusberigte en lesersbriewe uit *Die Burger* en *Rapport*.

---

<sup>103</sup> Vgl. Leopold Scholtz: “Die belang van Afrikaanse onderwys vir die oorlewing van die taal” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 46/4, Desember 2006, pp. 470-481).